UNIVERSITY OF AMSTERDAM

UvA-DARE (Digital Academic Repository)

Tussen die personaliteits- en territorialiteitsbeginsel

Die Hongaarse gemeenskap in Roemenië

Marácz, L.

Publication date
2017
Document Version
Final published version
Published in
Kultuurvryheid en selfbestuur

Link to publication

Citation for published version (APA):
Marácz, L. (2017). Tussen die personaliteits- en territorialiteitsbeginsel: Die Hongaarse gemeenskap in Roemenië. In H. Matthee (Ed.), *Kultuurvryheid en selfbestuur: keuses van kleine groepe wêreldwyd* (pp. 296-321). Kraal Uitgewers.

General rights
It is not permitted to download or to forward/distribute the text or part of it without the consent of the author(s) and/or copyright holder(s), other than for strictly personal, individual use, unless the work is under an open content license (like Creative Commons).

Disclaimer/Complaints regulations
If you believe that digital publication of certain material infringes any of your rights or (privacy) interests, please let the Library know, stating your reasons. In case of a legitimate complaint, the Library will make the material inaccessible and/or remove it from the website. Please Ask the Library: https://uba.uva.nl/en/contact, or a letter to: Library of the University of Amsterdam, Secretariat, P.O. Box 19185, 1000 GD Amsterdam, The Netherlands. You will be contacted as soon as possible.

UvA-DARE is a service provided by the library of the University of Amsterdam (https://dare.uva.nl)

Download date:09 Nov 2026

KULTUURVRYHEID EN SELFBESTUUR

Keuses van klein groepe wêreldwyd

Redakteur

HEINRICH MATTHEE

Kopiereg © Dr. H. Matthee et al.

Eerste Uitgawe in 2017 Kraal Uitgewers

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige middel weergegee word nie, hetsy elektronies of deur fotokopiëring, plaat- of bandopnames, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring, behalwe deur redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes.

Geset in Minion Pro 12 op 15 pt, deur Hannelie du Preez
Omslag: Freepik, Hannelie du Preez
Gedruk en gebind deur Zero Plus Drukkers, Pretoria

ISBN: 978-0-9922189-4-2

Kraal Uitgewers (deel van die Solidariteit Beweging)
h.v. D.F. Malanstraat en Unielaan, Kloofsig, Pretoria
Posbus 11760, Centurion, 0046

Vir meer inligting oor dié en ander publikasies van
Kraal Uitgewers kontak die uitgewer by:
kraal@kraaluitgewers.co.za

www.kraaluitgewers.co.za
012 644 4329

Hierdie boek is voor publikasie deur eweknieë gekeur.

Hierdie publikasie is mede moontlik gemaak deur 'n ruim finansiële bydrae van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

INHOUD

Medewerkers 5
Lys van afkortings 10
Voorwoord 13
Jaap Steyn

Inleiding
Heinrich Matthee 17

1. **Outonomie vir verspreide kultuurgroepe: Is die kultuurraad-geesteskind van Bauer en Renner relevant in die moderne era?**
Bertus de Villiers 25

2. **'n Menseregteraamwerk om Afrika se taalminderhede te beskerm**
Innocent Maja 52

3. **Kulturele outonomie in Suid-Afrika: Vir wie, waarom en hoe?**
Deon Geldenhuys 83

4. **Die Kaapse Moslemgemeenskap: Ekonomiese en politieke strategie**
Yagyah Adams 108

5. **Groter selfbeskikking vir Afrikaners: Indrukke van tendense in Europa**
Louis du Plessis 123

6. **Afrikaners se konstitusionele uitdaging 'n geslag na die aanvang van die grondwetlike oorgang van die middel 1990's**
Koos Malan 148

7. **Om in die middelgrond te wees: Gedagtes oor die gemeenskapspolitiek**
Danie Goosen 195

8. **Die lang pad na kultuurvryheid: Die Amazigh van Noord-Afrika**
Heinrich Matthee 214

9. **Sektariese groepe en konflikbeslegting in die Arabiese domein**
Martin Pabst 233

10. **Die Turkmene van Irak: 'n Minderheid tussen IS-terreur, Turkse geopolitiek en Koerdiese nasionalisme**
Dirk Rochtus 263

11. **Strafregbevoegdhede van inheemse Amerikaanse gemeenskappe**
Martin Schönteich 285

12. **Tussen die personaliteits- en territorialiteitsbeginsel: Die Hongaarse gemeenskap in Roemenië**
László Marácz 296

13. **Internasionale stroomversnellings en identiteitspolitiek: Die wisselwerking tussen die Midde-Ooste, Rusland en Europa**
Heinrich Matthee 322

14. **Keuses van klein groepe in Afrika: Enkele gevolgtrekkings**
Heinrich Matthee 339

Indeks 357

12 Tussen die personaliteits- en die territorialiteitsbeginsel:
Die Hongaarse gemeenskap in Roemenië

László Marácz

Die regsposisie van die Hongaarse minderheid in Roemenië (wat hoofsaaklik in die landstreek Transsilvanië woon en volgens die mees onlangse sensusopname van 2011 uit ongeveer 1,2 miljoen mense bestaan) en die posisie van die Hongaarse taal in dié land word deur ongelykheidheid gekenmerk. In die Roemeense grondwet beklee die Hongaarse minderheid, asook die Hongaarse taal 'n ondergeskikte posisie. Roemenië beskou homself kragtens sy grondwet as 'n nasionale eenheidstaat wat slegs een amptelike taal, naamlik Roemeens, erken.

Hierdie ongelyke posisie waarmee die Roemeense etniese meerderheid op hegemonistiese wyse stelling ten opsigte van die Hongaarse minderheid inneem, het verreikende gevolge. Dit lei daartoe dat kollektiewe regte, wat sou kon dien as 'n basis vir kulturele en gebiedsoutonomie, slegs vir die Roemeense meerderheid geld. Die Hongaarse etniese minderheid word eintlik bloot geduld en regte soos taalregte word slegs op individuele basis erken.

Dit het tot gevolg dat regsbeginsels waar 'n kollektiewe aspek ter sprake is, soos by die territorialiteitsbeginsel, nie ten opsigte van etniese Hongare toegepas word nie. Selfs waar hulle 'n plaaslike gebiedsmeerderheid vorm, beskik hulle nie oor outonomie nie, maar word daar bloot toegelaat dat die Hongaarse taal ook as bestuurstaal gebruik word. Sodanige gebruik word egter weer deur drempelregulasies ingeperk. Vir elke administratiewe gebiedseenheid, moet minstens 20% van die aantal inwoners van die betrokke eenheid Hongaarstalig wees

voordat Hongaars amptelik gebruik mag word.

Gevolglik kan die Hongaarse gemeenskap in Roemenië hulle slegs op die personaliteitsbeginsel beroep om minderheids- en taalregte op te eis. Hierdie ongelyke posisie waar die Roemeense etnisiteit dominant en die Hongaarse etnisiteit daaraan ondergeskik is, veroorsaak ook ongelyke tweetaligheid. Die etniese Hongare in Roemenië beheers beide tale, dit wil sê sowel Roemeens as Hongaars. Dieselfdie geld nie vir moedertaalsprekers van Roemeens, wat Hongaars nouliks of glad nie magtig is nie – ook nie in gebiede waar baie Hongare woon nie.

Drukgroepe wat as die politieke en maatskaplike verteenwoordigers van die Hongaarse minderheid in Roemenië optree, beywer hulle daarvoor om hierdie ongelyke posisie van die etniese Hongare ten opsigte van die Roemene op te hef. Hierdie politiek van gelykheid, wat deur die Hongaarstalige minderheid in Roemenië op die voorgrond geplaas is, is op twee verskillende strategieë gegrond.

Die eerste strategie sou 'n mens kon klassifiseer as 'n strategie waar verskillende vorms van territoriale, asook kulturele outonomie op die politieke agenda geplaas word. Vanweë die ineenstorting van kommunisme in 1989 en die aanpassing van die Roemeense sosiopolitieke stelsel aan die demokratiese beginsels van die EU, het taal- en ander minderheidsregte, asook die posisie van die Hongaarstalige minderheid 'n meer prominente plek in die Roemeense regstelsel begin inneem.

Om lidstaat van die EU te kon word, moes die Roemeense staat die minderhedeklousule van die toelatingskriteria van Kopenhagen onderteken, naamlik dat die regte van nasionale en etniese minderhede by toetreding tot die EU gerespekteer sal word. Twee belangrike verdrae van die Raad van Europa wat betrekking op die regte van minderhede het, is inmiddels deur Roemenië geratifiseer, naamlik die Raamwerkkonvensie vir die Beskerming van Nasionale Minderhede (*Framework Convention for the Protection of National Minorities*, FCPNM, CETS number 157) en die Europese Handves vir Streeks- en Minderheidstale (*European Charter for Regional and Minority Languages*, ECRML, CETS

number 148).[1] Hierdie konvensies wat deur die EU oorgeneem is, ken taal- en ander minderheidsregte kragtens die personaliteitsbeginsel aan die Hongaarse minderheid in Roemenië toe.

Die tweede strategie van die Hongaarse minderheid is dan ook op die bevordering van die streng implementering van die personaliteitsbeginsel gerig. Voorsienings vir taal- en minderheidsregte in die Roemeense regstelsel is verwoord in terme van die personaliteitsbeginsel en nié volgens die territorialiteitsbeginsel, waar regte en pligte aan 'n bepaalde grondgebied gekoppel is, in teenstelling met die personaliteitsbeginsel wat vir individue of groepe individue geld nie.[2] Die optrede van Hongaarse politieke partye en burgerlike organisasies om taalregte en nie-territoriale minderheidsregte op die politieke agenda te plaas, het vanaf 2007, toe Roemenië lid van die EU geword het, toenemende stukrag gekry. Dié strategie wat op die implementering van die personaliteitsbeginsel gerig is, was die afgelope jare suksesvoller as voorstelle vir territoriale oplossings vir die outonomie van die etniese Hongare. Laasgenoemde strategie is veral in die geval van Szeklerland, 'n streek met 'n duidelike etnies-Hongaarse meerderheid, geleë in die suide van Noord-Transsilvanië, hanteer. Hier sou die territorialiteitsbeginsel toepassing kon vind, maar tot op hede is daar nie vooruitgang hiermee gemaak nie. Daar is groter vooruitgang ten opsigte van die implementering van die personaliteitsbeginsel aangaande taalregte in die openbare bestuur en onderwys, soos wat later in hierdie artikel bespreek sal word.

Daar moet egter onmiddellik daarop gewys word dat daar beslis regsbeperkings is wat op die gebruik van Hongaars in die openbare bestuur en onderwys geplaas word. Die politieke en burgerlike aktivisme wat taal- en minderheidsregte in Transsilvanië probeer bevorder, poog ten opsigte van die implementering van die personaliteitsbeginsel vir

1. Sien László Marácz, "Transnationalizing ethno-linguistic Hungarian minorities in the Carpathian Region: Going beyond Brubaker et al. (2006)", *Transylvanian Society*, 13(3), 2015, pp 25-45.
2. Kenneth D. McRae, "The principle of territoriality and the principle of personality in multilingual states", *International Journal of the Sociology of Language*, 4, 1975, pp 33-54; Magdalena Dembinska, László Marácz & Márton Tonk, "Introduction to the special section: Minority politics and the territoriality principle in Europe", *Nationalities Papers*, 42(3), 2014, p 360.

taalgebruik van die openbare bestuur en onderwys, om die Roemeense regering so ver te kry om die wetgewing wat deur die regering self in nasionale en internasionale dokumente en verdrae op hierdie terrein onderskryf is, te respekteer. Dit is beslis nie 'n eenvoudige opdrag nie, veral gesien in die lig van die gebrekkige manier waarop Roemeense bestuurstrukture funksioneer, asook die bestaan van nasionalistiese anti-Hongaarse sentimente wat soms tot groot hoogtes in Roemenië opgesweep word.[3]

In hierdie bydrae sal die werking van meertalige instellings in die openbare bestuur en onderwys in Roemenië verder bespreek word. Meertaligheid in sulke instellings sal teen 'n regsagtergrond ontleed word. Die gebruik van die Hongaarse taal word in terme van die personaliteitsbeginsel, asook die Wet op Openbare Bestuur bereël. Hierdie wet stel 'n drempel van 20% vir dienslewering in Hongaars vas. In 'n betrokke administratiewe gebiedseenheid moet dus minstens 20% van die aantal inwoners etnies-Hongaars wees; dit wil sê hulle moet Hongaarstalig wees, voordat Hongaars in die betrokke gebied as amptelike taal gebruik mag word.

Die Onderwyswet bepaal die gebruik van Hongaars in die onderwysstelsel. Eintlik bestaan daar 'n kwotastelsel vir etnies-Hongaarse leerlinge. In beginsel moet daar in die primêre en sekondêre fase van onderwys voldoende leerlinge wees wat Hongaarse onderrig wil volg om 'n Hongaarse klasgroep te vorm. In die tersiêre onderwys geld ander onderwyswetgewing. Die Roemeense onderwyswet bepaal dat drie instellings waar tersiêre onderrig verskaf word, wetlik toegestane multikulturele, meertalige instellings sal wees, soos byvoorbeeld die Babeş-Bolyai Universiteit te Cluj-Napoca (in Hongaars: *Kolozsvár*, in Duits: *Klausenburg*). In die loop van hierdie uiteensetting sal hierdie drie instellings verder bespreek word.

3. Vir 'n uitvoerige bespreking van anti-Hongaarse sentiment in Roemenië, sien László Marácz, *Hongaarse kentering: een politieke beschouwing van Midden-Europa* (Aspekt, Nieuwegein, 1995). In Engels: László Marácz, *Hungarian revival: Political reflections on Central Europe* (Aspekt, Nieuwegein, 1996).

Ten einde 'n sorgvuldige ontleding van die etnolinguistiese diversiteit in Transsilvanië te maak, word daar in hierdie bydrae vir 'n multidissiplinêre benadering gekies. Om daardie rede sal navorsingsmetodes van verskeie dissiplines, soos taalkunde, regte, politieke wetenskap, sosiologie, geografie en demografie hier gebruik word. Geografie en demografie verskaf dieper insig in die nogal komplekse patroon van die geo-etniese verspreiding van die Hongaarse minderheid in Transsilvanië. Hoewel die Hongaarse minderheid 'n demografiese minderheid is, waarvan die getalle bowendien afneem, is daar baie Hongaarse gemeenskappe in Transsilvanië wat 'n relatiewe of selfs absolute meerderheid vorm. Dit is beslis die geval in die gebied Szeklerland, wat na gebiedsoutonomie streef.

Etnolinguistiese diversiteit in Roemenië

Die meeste etniese Hongare in Roemenië woon in die noordwestelike deel van die land, in die landstreek Transsilvanië. Laasgenoemde is al vir eeue lank 'n multi-etniese streek. In werklikheid woon die Hongaarse minderheid hoofsaaklik in Noord-Transsilvanië, in 'n strook wat van die Hongaars-Roemeense landsgrens tot by Szeklerland, wat aan die voet van die Oostelike Karpate geleë is, strek. Die Oostelike Karpate lê diep in die middel van die huidige Roemenië. Die Szeklers (in Hongaars: *székely*) is 'n groep etniese Hongare wat gekenmerk word deur spesifieke etnografiese, kulturele en taalkundige kenmerke en in die suidelike deel van Noord-Transsilvanië aangetref word. In die Hongaarse koninkryk, wat tot aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog voortbestaan het, het die Szeklers as grenswagters opgetree. Hulle het die geïsoleerde grenslyn van die Oostelike Karpate verdedig. Hierdie grenslyn het vir amper 'n duisend jaar in die Hongaarse koninkryk bestaan.

In hierdie Hongaarse strook het die etniese Hongare nie oral dieselfde verspreidingsdigtheid nie. Die Hongaarse minderheid in Roemenië is by die laaste sensusopname in 2011 op 1 227 663 individue vasgestel, wat ongeveer 6,5% van die totale Roemeense bevolking uitmaak. In die

Transsilvaniese streek, waar amper alle etniese Hongare woon, wyk die persentasies van die geo-etniese verdeling van etniese Hongare egter van die nasionale persentasies af.[4]

In die hele Transsilvanië maak die verspreide etniese Hongare ongeveer 15% van die totale bevolking uit, terwyl die persentasie etniese Roemene ongeveer 70% beloop. Die persentasies van etniese Hongare is egter nog veel hoër in sommige Transsilvaniese substreke, waar die etniese Hongare in gekonsentreerde gemeenskappe saamleef. Om hierdie rede vertoon die Hongaarse etnolinguistiese verspreiding in Transsilvanië 'n ongelyke en heterogene patroon. In breë trekke kan 'n mens aanvoer dat die etniese Hongare in drie substreke woon wat geografies met mekaar verbind is en elk 'n ander geo-etniese verspreiding toon.

Die eerste substreek is die Hongaars-Roemeense grensstreek in die voormalige Oos-Hongarye en die huidige noordweste van Roemenië. Hierdie gebied word op grond van sy ou Hongaarse naam "Partium" genoem. In hierdie gebied vorm die etniese Hongare in baie munisipaliteite en distrikte 'n absolute of relatiewe meerderheid. Dit geld veral vir stede soos Oradea (in Hongaars: *Nagyvárad*) en Satu Mare (in Hongaars: *Szatmárnémeti*).

Die tweede substreek is meer landinwaarts geleë, in die sogenaamde Sentraal-Transsilvanië. Die "hoofstad" van Transsilvanië, Cluj-Napoca, is hier geleë. Dié stad is die bestuurssentrum van Transsilvanië en is naas Boekarest, die tweede vernaamste stad in Roemenië. Ook vir die Hongaarse gemeenskap geld die stad as die belangrikste kulturele sentrum in die land. In hierdie substreek is die etniese Hongare dikwels 'n kleiner minderheid as in Partium en woon hulle dikwels in gemengde Hongaars-Roemeense en Romagemeenskappe. In sommige

4. Daar woon ook nog 'n groot aantal etniese Hongare in die Roemeense hoofstad, Boekarest. Verder is daar nog sowat 200 000 Csango-Hongare in die Roemeense landstreek Moldawië. 'n Aantal van hulle praat 'n argaïese Hongaarse taalvariant wat uit die vyftiende eeu stam. Die Csango-Hongare word gereken tot die inheemse bevolking van Moldawië. Die Raad van Europa erken hierdie Csango-Hongare as 'n Hongaarse taalminderheid, 'n feit wat lank deur die Roemeense regering geïgnoreer is. Binne die raamwerk van hierdie artikel sal hierdie twee groepe Hongare in Roemenië verder buite beskouing gelaat word en sal daar op die Hongaarse minderheid in Transsilvanië gekonsentreer word.

munisipaliteite en distrikte in Sentraal-Transsilvanië vorm die etniese Hongare wel 'n absolute of relatiewe meerderheid.[5]

Die derde substreek waar die Hongaarse minderheid in hoër konsentrasies in Transsilvanië woon, val saam met die historiese streek wat as Szeklerland bekendstaan (in Hongaars: *Székelyföld*; in Roemeens: Ţinutul Secuiesc). Dié historiese streek is ongeveer 13 000 km^2 in oppervlakte en bestaan uit drie amptelik Roemeense provinsies, naamlik Harghita (in Hongaars: *Hargita*), Covasna (in Hongaars: *Kovászna*) en Mureş (in Hongaars: *Maros*). Die grootste deel van die provinsie Mureş (waar die Hongare 'n minderheid vorm) behoort tot die historiese Szeklerland. Volgens die sensusopname van 2002, bestaan die bevolking van Szeklerland uit ongeveer 809 000 individue, van wie 612 043 etniese Hongare is. Dit is 76% van die totale aantal inwoners van Szeklerland.

In die drie provinsies saam beloop die aantal etniese Hongare 59% van die totale bevolking. Omtrent die helfte van die Transsilvaniese Hongare woon in 'n gebied waar hulle die absolute meerderheid vorm.

'n Mens moet in gedagte hou dat die historiese gebied Szeklerland nie deur die Roemeense staat erken word nie. Die aanduiding "Szeklerland" kom nie in 'n enkele amptelike nasionale of internasionale dokument wat deur die Roemeense staat geratifiseer is, voor nie. In twee van die drie Szeklerprovinsies, Harghita en Covasna, het die etniese Hongare volgens die sensusopname van 2002 'n duidelike meerderheid. Die persentasie etniese Hongare in Harghita en Covasna is onderskeidelik 84,8% en 73,58% van die bevolking. Dit is heelwat laer in Mureş, waar hulle 37,82% van die bevolking is. In vergelyking met die sensusopname van 2002, het die persentasies van etniese Hongare in Szeklerland volgens die sensusopname van 2011 nouliks verander; trouens, die konsentrasie van etniese Hongare in Szeklerland het selfs effens toegeneem. Volgens die sensusopname van 2011 geld die volgende persentasies en totale syfers vir die Hongaarse bevolking: in Harghita 85,21% (oftewel 257 707

5. Rogers Brubaker (ed), *Nationalist politics and everyday ethnicity in a Transylvanian town* (Princeton University Press, Princeton NJ, 2006).

individue); in Covasna 73,74% (oftewel 150 468 individue); en in Mureş 38,09% (oftewel 200 858 individue).

Die Roemeense nasiestaat

Die taktiek om mag en beheer deur die grootskaalse invoer van een dominante taal uit te oefen, word al sedert die opkoms van die moderne nasionalisme in Europa toegepas. Dit het op die Franse Revolusie aan die einde van die agtiende eeu gevolg.[6] Orals in Europa waar nasiestate tot stand gekom het, is een spesifieke taal tot dominante paradigma vir kommunikasie binne die staat en met staatsinstellings verhef. Dit was gewoonlik die taal van die sosio-etniese groep wat die mag aldaar verkry het. Hierdie gebruik van taal het gewaarborg dat daardie sosio-etniese groepe wat die taal van die nuwe nasie bepaal het, ook beheer oor die bestuurstrukture van daardie staat gekry het. Hierdie tipe state het dus tot nasionale state ontwikkel wat die taal van die dominante meerderheid vir amptelike kommunikasie gebruik.

'n Mens moet egter daarop let dat die "ideale" staat in Europa, dit wil sê een staat wat slegs een suiwer taal vir amptelike kommunikasie gebruik, nooit behaal is nie. Dialekte of ander tale wat as "vreemd" beskou is (hoewel hulle al eeue lank in 'n bepaalde streek gebruik is) het egter bly voortbestaan, en is en word steeds gebruik, ook nadat daar op een spesifieke taal besluit is wat as amptelike taal moes dien. Daar is onder die misleidende benaming "minderheidstale" na die ander tale en variante wat nie deur die staat gebruik of erken is nie, verwys. Dit is 'n misleidende term omdat patrone, wyses en tradisies van taalgebruik dikwels baie meer kompleks was en is, as wat deur 'n eenvoudige binêre opposisie wat bloot die aantal sprekers van meerderheids- en minderheidstale aandui, weergegee kan word. Hierdie maneuver was egter voldoende om sprekers van minderheidstale uit die magstrukture in daardie soort sogenaamde nasiestate te sluit.

6. Pierre Bourdieu, *Language & symbolic power* (Harvard University Press, Cambridge MA, 1991).

In die alledaagse praktyk van etnisiteit bly daar egter 'n situasie van taalkontak bestaan. Volgens taalkundiges wat patrone van taalkontak bestudeer, is daar ook altyd 'n element van mag in die kontak tussen twee of meer tale aanwesig. Die taalkontak tussen minderheids- en meerderheidstale is geen uitsondering op die reël nie. Let daarop dat hierdie taalkundige waarneming deur Peter Nelde en ander taalkundiges met die ontleding van politieke wetenskaplikes soos Pierre Bourdieu, wat oor die "taalbeleid van uitsluiting" handel, korreleer.[7]

Oor die algemeen kan dus aanvaar word dat taalkundige hegemonie en meertalige kommunikasie, wat baie meer gekompliseerde taalkundige en kommunikasiepatrone tot gevolg het, tot konflik lei. Hierdie tipe stryd is wesenlike politieke konflik wat 'n ongelyke struktuur het. Die taalgroepe wat nie die staatstaal beheer of beheers nie, word van mag uitgesluit. Sulke groepe wat as gevolg hiervan geen aandeel in die betrokke staat het nie, begin 'n stryd vir die erkenning van hulle taal om sodoende in hulle eie taal toegang tot die staat se magstrukture te kry.

Aan die einde van die twintigste eeu is ons met 'n groot aantal botsings gekonfronteer wat die gevolg was van die in- en uitsluiting van taalminderheidsgroepe wat al van oudsher af as oorspronklike bewoners van 'n land gereken word, maar wie se taal ongelukkig nie tot amptelike taal daarvan verhef is nie. In Europa is daar tot op hede slegs enkele van hierdie konflikte wat tot die tevredenheid van alle partye binne die raamwerk van die nasiestaat opgelos is. Op baie plekke in Europa woed daar 'n verbitterde stryd, hoewel dit ietwat deur die implementering van internasionale regulasies in die raamwerk van supranasionale forums en organe, soos die bovermelde FCPNM en ECRML, getemper word. Hierdie regulasies ken taal- en minderheidsregte op beskeie skaal aan nasionale en etniese minderhede wat in nasiestate woonagtig is, toe. Hierdeur het die dilemma van die insluiting en uitsluiting van sprekers van ander, niestandaardtale op die internasionale politieke agenda

7. Pierre Bourdieu, *Language & symbolic power* (Harvard University Press, Cambridge MA, 1991); Peter Nelde, "Language Contact", *Annual Review of Applied Linguistics*, 15, 1995, pp 81-90..

beland. Die Transsilvaniese geval maak deel hiervan uit.

Artikel 1.1 van die Roemeense grondwet verklaar dat Roemenië 'n "ondeelbare eenheidstaat" is. Die grondwet bepaal verder dat nasionale gemeenskappe of minderhede slegs op 'n individuele of persoonlike vlak gedefinieer word. Artikel 6.1 daarvan verwys na "persone wat behoort tot 'n nasionale minderheid". As gevolg hiervan word die regte van minderhede en minderheidstale volgens die Roemeense grondwet in wese as 'n individuele reg beskou.

Die hegemonistiese posisie van die Roemeense taal word eweneens in die grondwet vasgelê. Artikel 13 verklaar dat die Roemeense taal die enigste amptelike taal van die land is. Dit het verreikende gevolge vir die multi-etniese en meertalige gemeenskappe bestaande uit Roemene, etniese Hongare, etniese Duitsers en Roma in Transsilvanië.

Afgesien van hierdie artikel in die grondwet wat die amptelike taal van die staat vaslê, is daar nog ander regsinstrumente wat ontwikkel is om die gebruik van Hongaars en ander minderheidstale te beperk. Hieronder val spesiale wette wat bepaal wanneer die Hongaarse taal gebruik mag word. Hierdie wette bepaal wat die minimum persentasie van etniese Hongare as deel van die aantal inwoners van 'n administratiewe gebiedseenheid moet wees, voordat Hongaars as amptelike taal gebruik mag word.

Tussen die personaliteits- en territorialiteitsbeginsel

Onder die strategieë wat vir groter outonomie van nasionale en etniese minderhede aangewend word, is daar twee regsbeginsels wat van belang is, naamlik die personaliteits- en die territorialiteitsbeginsel. In die eerste plek fokus die burgerregtebeweging wat hom vir taalregte in Transsilvanië beywer op die nalewing en praktiese implementering van die bestaande regsregulasies vir die gebruik van Hongaars, soos hierbo reeds bespreek is. In hierdie geval is die personaliteitsbeginsel van toepassing.

Die tweede been van die strategie berus op die territorialiteitsbeginsel.

Oor die toepassing van hierdie beginsel ten opsigte van taalregte het die Kanadese navorser, Jean Laponce, beweer dat indien tale wil oorleef en floreer, hulle grondgebied benodig wat slegs vir hulle bestem is. In sulke deelgebiede vind die kommunikasie dan net in een enkele taal plaas. Die taal verbind die verskillende individue in daardie samelewing aan mekaar en bevestig hulle onderskeie rolle aldaar.[8]

Ek stem saam met die gevolgtrekkings van Laponce dat die territorialiteitsbeginsel groter beskerming as die personaliteitsbeginsel aan tale bied. In hierdie verband is dit nodig om na die Hongaarse taal- en gebiedsoutonomie vir Szeklerland, waar die etniese Hongare 'n duidelike meerderheid vorm, te verwys. Die Hongaarse meerderheid sou daar hulle reg op selfbeskikking op territoriale wyse wou uitoefen. Dit is in ooreenstemming met baie vergelykbare gevalle in Europa wat met behulp van kulturele of gebiedsoutonomie opgelos is.[9] Indien Szeklerland 'n bepaalde vorm van gebiedsoutonomie sou kon beding, sou dit die beste beskerming vir die Hongaarse taal in dié gebied daarstel. So 'n toedrag van sake sou in ooreenstemming wees met dít wat Jean Laponce bepleit.

Verder moet beklemtoon word dat Hongaarse gebiedsoutonomie in Szeklerland nie sonder presedent is nie. In die kommunistiese tydperk is Hongaarse gebiedsoutonomie in Transsilvanië deur die Roemeense staat toegeken. Hongaarse outonomie in Szeklerland het in die tydperk tussen 1952 en 1968 in verskeie vorms en met verskillende bevoegdhede bestaan.[10] Dit is dus sinvol om die opsie van gebiedsoutonomie vir Szeklerland in meer besonderhede te bespreek.

8. Jean A. Laponce, *Languages and their territories* (Toronto University Press, Toronto, 1987), pp 3-4.
9. Morton H. Halperin, David Scheffer en Patricia L. Small, *Self-determination in the New World Order* (Carnegie Endowment for International Peace, Washington, 1992), pp 142-143; Ruth Lapidoth, *Autonomy: Flexible solutions to ethnic conflicts* (US Institute of Peace, Washington, 1996), p 69; Erin Jenne, *Ethnic bargaining: The paradox of minority empowerment* (Cornell University Press, Ithaka, 2007), pp 91-124; Mária M. Kovács, "Standards of self-determination and standards of minority-rights in the post-communist era: A historical perspective", *Nations and Nationalism*, 9(3), 2003, pp 433-450.
10. Steffano Bottoni & Zoltan Novák, "Romania" *in* Nándor Bárdi, Csilla Fedinec & László Szarka (eds), *Minority Hungarian communities in the twentieth century* (Columbia University Press, New York, 2011), pp 397-403.

Daar is twee belangrike feite wat kon veroorsaak dat die territorialiteitsbeginsel sonder beperkings op die Szeklerprovinsies Harghita en Covasna toegepas sou kon word. In die eerste plek is daar in hierdie provinsies 'n duidelike etnies-Hongaarse meerderheid, en in die tweede plek is hierdie provinsies reeds 'n onderdeel van die bestaande Roemeense bestuurstrukture, sodat dit nie nodig sal wees om die administratiewe grense van provinsies te wysig nie. Alhoewel hierdie tipe gebiedsoutonomie dus maklik verdedigbaar is, het die Hongaarse maatskaplike en politieke verteenwoordigers in Roemenië hulle dit ten doel gestel om gebiedsoutonomie vir die hele historiese gebied van Szeklerland te probeer verkry. Hierdie historiese gebied omvat die grootste dele van die drie aaneengrensende provinsies Harghita, Covasna en Mureș.

Sowel die Hongaarse politieke party, die Demokratiese Unie van Hongare in Roemenië (DUHR), wat in die Roemeense parlement verteenwoordig is, as die Szekler Nasionale Raad (die grootste drukgroep van Szekler-Hongare in Transsilvanië waarvan 'n aantal ampsdraers soos etnies-Hongaarse burgemeesters en stadsraadlede lid is) het 'n Statuut vir Outonomie vir Szeklerland uitgewerk. Dit is nie nodig om die voorstelle wat daarin vervat is, hier in besonderhede te bespreek nie, maar daar sal op die essensiële beginsels wat in hierdie voorstelle geïdentifiseer is, gefokus word.[11] Gerieflikheidshalwe sal daar na hierdie voorstelle as die Outonomiestatuut verwys word.

Die Outonomiestatuut bepleit 'n outonome status vir Szeklerland wat met dié van Suid-Tirool in Italië, waar die Duitse minderheid kulturele en gebiedsoutonomie geniet, vergelykbaar is. Die verwesenliking van gebiedsoutonomie in Szeklerland kan as 'n vorm van interne

11. Die Statuut vir Outonomie vir Szeklerland kan op die webwerf van die Szekler Nasionale Raad gevind word by http://sznt.sic.hu/hu-sic/index.php?option=com_content&view=article&id=15%3Aszekelyfoeld-autonomia-statutuma&catid=10%3Astatutum&Itemid=14&lang=fa (toegang op 12 April 2016). Die beleidsdokument van die DUHR – "The Autonomy Plan of the DUHR, 18 September 2014" – is beskikbaar by http://itthon.transindex.ro/?hir=37382 (toegang 12 April 2016). Vir die volledige teks van die plan, sien http://rmdsz.ro/uploads/fileok/dok/A_romaniai_Szekelyfold_autonomia_statutuma.pdf (toegang 12 April 2016).

selfbeskikking beskou word. Beide die DUHR en die Szekler Nasionale Raad het 'n eensydige verklaring van outonomie vir Szeklerland van die hand gewys. In die plek daarvan het hulle die Outonomiestatuut vir Szeklerland aan die Roemeense parlement as besprekingsdokument voorgelê. Die totstandbringing van 'n sub-bestuursvlak in die streek pas by die Europese bestuurskonsep van veelvlakkige regering (*multi-level governance principle*) in. Ook respekteer die Outonomiestatuut die taal- en minderheidsregte van etniese Roemene wat in Szeklerland woon. Om hieraan uitvoering te gee, sou Szeklerland amptelik tweetalig word, dit wil sê met Hongaars en Roemeens as amptelike tale.

Vanaf 2006 het die Szeklers verskeie betogings en referendums gereël om stukrag aan hulle eis vir outonomie in Szeklerland en die herafbakening van grense binne die Szeklerprovinsies te verleen. Agtereenvolgende Roemeense parlemente het die Statuut vir Outonomie vir Szeklerland tersyde geskuif, met die argument dat dié statuut ongrondwetlik en onwettig is. Hierdie afwysende houding van die Roemeense owerhede het egter die teenoorgestelde uitwerking gehad. Dit het juis tot 'n toename in politieke eise vir 'n outonome Szeklerland, soos byvoorbeeld die eis vir eie nasionale simbole soos 'n Szeklervlag, bygedra. Daar is selfs 'n voorstel om die uitgang ".sic" as die domeinnaamuitbreiding vir internetadresse in Szeklerland te gebruik. Die afkorting "sic" is van die Latynse naam vir Szeklerland, naamlik *Siculitas* afkomstig.

Let daarop dat die aandrang van die Szekler-Hongare op territoriale outonomie vir Szeklerland daartoe kan lei dat die Hongaarse minderheid in Transsilvanië self verbrokkel. Selfs al sou die Szeklerprovinsies daarin slaag om 'n bepaalde vorm van territoriale outonomie in Roemenië te kry, dan is daar steeds minstens 'n halfmiljoen etniese Hongare in Transsilvanië oor wat nie in kompakte gebiede by mekaar woon nie. Die vraag bly egter of Szeklerland as outonome streek daardie etniese Hongare wat buite Szeklerland woon, voldoende sou kon verteenwoordig.

In die werk van Dembinska, Tonk and Marácz word aangevoer dat hoewel die konsep van territorialiteit in die tydperk na afloop van

die Koue Oorlog 'n belangrike plek op die internasionale politieke agenda ingeneem het, dit nie langer as 'n legitieme konsep geskik vir die oplossing van nasionale en etniese minderheidskwessies in Midde- en Oos-Europa beskou kan word nie.[12] Om hierdie rede geniet die territorialiteitsbeginsel nie langer genoegsame en wye ondersteuning om die strewe na selfbeskikking van nasionale en etniese groepe in hierdie gebiede te bevredig nie. Dit beteken dat minderheidsgemeenskappe soos die Szeklers, in wese op die personaliteitsbeginsel moet steun.[13]

Hoewel die gebiedsopsie van die etniese Hongare in Roemenië op die politieke agenda sal bly staan, wil dit voorkom asof die suksesse wat in terme van die personaliteitsbeginsel by die implementering van taalregte op die kort termyn afgedwing is, eerder en makliker as regte in terme van die territorialiteitsbeginsel verwesenlik kan word. Dit blyk ook uit die optrede van burgerlike nieregeringsorganisasies soos die Burgerlike Betrokkenheidsbeweging of CEMO (in Engels: *Civil Engagement Movement*; in Hongaars: *Civil Elkötelezettség Mozgalom*; in Roemeens: *Mişcarea Angajament Civic*).

Meertalige instellings

Die tweede paragraaf van artikel 120 van die Roemeense grondwet bepaal die gebruik van Hongaars in openbare bestuur, soos in munisipaliteite, distrikte en provinsies. Hierdie artikel word verder deur wetgewing op die betrokke terrein ondersteun. In regeringsbesluit nommer 1206, gedateer 27 November 2001, wat betrekking het op die Wet op Plaaslike

12. Magdalena Dembinska, László Marácz & Márton Tonk, "Introduction to the special section: Minority politics and the territoriality principle in Europe", *Nationalities Papers*, 42(3), 2014.
13. Will Kymlicka en Magda Opalski (eds), *Can liberal pluralism be exported? Western political theory and ethnic relations in Eastern Europe* (Oxford University Press, Oxford, 2001); János Péntek & Attila Benő, "Nyelvi jogok Romániában" *in* Orsolya Bekéné Nádor & László Szarka (eds), *Nyelvi jogok, kisebbségek, nyelvpolitika Kelet-Közép-Európában* (Magyar Kisebbségi Könyvtár, Budapest, 2003); Stephen Deets & Sherrill Stroschein, "Dilemmas of autonomy and liberal pluralism: Examples involving Hungarians in Central-Europe", *Nations and Nationalism*, 11(2), 2005, pp 285-305; Zsuzsa Csergö & Kevin Deegan-Krause, "Liberalism and cultural claims in Central and Eastern Europe: Toward a pluralist balance", *Nations and Nationalism*, 17(1), 2011, pp 85-107.

Openbare Bestuur 215/2001, paragraaf 19, artikel 2, word die volgende bepaal:

> Owerhede van openbare en plaaslike administrasie, openbare instellings wat aan hierdie owerhede ondergeskik is, asook gesentraliseerde openbare dienste waarborg in hulle kontak met nasionale minderhede die gebruik van moedertaal in daardie administratiewe gebiedseenhede waar die persentasie burgers wat tot nasionale minderhede behoort, meer as 20% beloop; bostaande in ooreenstemming met die grondwet, die huidige wetgewing en die internasionale verdrae waaraan Roemenië gebonde is.[14]

Artikel 120 van die Roemeense grondwet is veranker in die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur van 2001, waarin talle voorsienings vir taalgebruik in die plaaslike openbare bestuur bepaal word.[15] Dit het ook neerslag in die Roemeense Onderwyswet gevind.[16] Laasgenoemde wet sal hieronder in meer besonderhede bespreek word.

Openbare bestuur

Een van die bepalings wat tiperend vir wetgewing in Midde- en Oos-Europa is, is die drempelregulasie wat vir die gebruik van minderheidstale geld. Die drempel van 20% mag dalk redelik vanuit die oogpunt van die Roemeense staat voorkom, maar die hoogte daarvan en die drempelregulasie self lei tot binnelandse politieke konflik en het 'n negatiewe uitwerking op die betrekkinge tussen die betrokke minderheid, die moederland – in hierdie geval Hongarye – en die land

14. Die aanhaling is onderskeidelik deur die outeur in Nederlands en die vertaler in Afrikaans vertaal.
15. István Horváth, Ilka Veress & Katalin Vitos, "Közigazgatási nyelvhasználat Hargita megyében az önkormányzati és a központi kormányzat megyeszintű intézményeiben", *Working Papers in Romanian Minority Studies*, 27, 2010, pp 7-9.
16. Rudi Janssens, Virginie Mamadouh & László Marácz, "Multilingual higher education in European Regions", *European and Regional Studies*, 3, 2013, pp 16-17.

waar die minderheid woon, hier dus Roemenië.[17] Let verder daarop dat die drempelregulasie tot allerlei anomalieë aanleiding gee. Ingevolge die Roemeense grondwet en die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur mag die etnies-Hongaarse inwoners van die Transsilvaniese "hoofstad" Cluj-Napoca nie Hongaars in hulle kontak en kommunikasie met die munisipale administrasie gebruik nie, omdat presies 19,9% van die inwoners van die stad volgens die sensusopname van 2002 hulleself as etnies-Hongaars geregistreer het.[18] Daar woon ongeveer 45 000 Hongaarstalige inwoners in die stad, wat 'n baie hoër aantal is as wat dikwels in kleiner Transsilvaniese stede en munisipaliteite met 'n Hongaarse meerderheid aangetref word. In laasgenoemde waar die drempel van 20% egter wel behaal word, mag Hongaars gevolglik in die kontak en kommunikasie met administratiewe instellings gebruik word.[19] Die mees onlangse sensusopname verander niks aan hierdie onverkwiklike situasie nie. Volgens die gegewens van die sensusopname van 2011 het die aantal etnies-Hongaarse inwoners van Cluj-Napoca tot ongeveer 16% van die totaal van Cluj-Napoca se 309 000 inwoners gedaal. Dit bly ongeveer 45 000 mense.

Die drempelregulasie het ook gevolge vir die taallandskap. Volgens die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur 2001/215 is die plasing van tweetalige pleknaamborde in Roemenië ook afhanklik van die drempel van 20%. Vanweë die feit dat hierdie drempel nie in Cluj-Napoca behaal word nie, is daar geen amptelike Hongaarstalige topografiese padtekens of naamborde in die stad nie, ten spyte van die feit dat daar amper 50 000 etniese Hongare in die stad woon.

17. Mária M. Kovács & Judit Tóth, "Kin-state responsibility and ethnic citizenship: The Hungarian case" *in* Rainer Bauböck, Bernhard Perchinig & Wiebke Sievers (eds), *Acquisition and loss of nationality: Expanded and revised edition I*, (Amsterdam University Press, Amsterdam, 2009), pp 155-176.
18. Rogers Brubaker (ed), *Nationalist politics and everyday ethnicity in a Transylvanian town* (Princeton University Press, Princeton NJ, 2006).
19. László Marácz, "Language policies in Central and East European States with Hungarian minorities: Implications for linguistic rights protection of national minorities in the EU" *in* István Horváth & Márton Tonk (eds), *Minority politics within the Europe of Regions* (Scientia Publishing House, Cluj-Napoca, 2011), pp 155-184.

Samevattend kan verklaar word dat die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur spesifieke regte ten opsigte van kommunikasie en taalgebruik aan etniese Hongare verleen, maar dat sodanige regte deur 'n drempelregulasie in spesifieke administratiewe gebiedseenhede ingeperk word. Die territorialiteitsbeginsel is dus van belang, maar dit tree eintlik as 'n soort "houer" vir die personaliteitsbeginsel op.[20] Taalregte van nasionale en etniese minderhede word nie gewaarborg indien die persentasie burgers wat deel van 'n nasionale minderheid vorm onder 20% van die bevolking in 'n bepaalde administratiewe gebiedseenheid bly nie. Dit impliseer dat selfs as daar in absolute getalle 'n groot gemeenskap van burgers wat deel van 'n nasionale minderheid uitmaak, voorkom, hulle taalregte nie vanselfsprekend is nie.

Vervolgens sal die onderwysstelsel vir nasionale en etniese minderhede in Transsilvanië bespreek word.

Onderwys

Artikel 120 van die Roemeense grondwet het nie slegs neerslag in die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur van 2001 gevind nie, maar ook in die Roemeense Onderwyswet.[21] Laasgenoemde wet verleen aan Transsilvaniese Hongare die reg om hulle eie onderwysinstellings op te rig.[22] Hierdie reg is nie slegs van belang wat onderrig in Hongaars aanbetref nie, maar ook wat onderrig van Roemeens aan nie-Roemeenstaliges aangaan. Etniese Hongare in Transsilvanië kla daaroor dat die taal Roemeens binne die Roemeense onderwysstelsel aan Hongaarstaliges onderrig word asof dit hulle moedertaal sou wees.

20. Kenneth D. McRae, "The principle of territoriality and the principle of personality in multilingual states", *International Journal of the Sociology of Language*, 4, 1975; Magdalena Diembinska, László Marácz & Márton Tonk, "Introduction to the special section: Minority politics and the territoriality principle in Europe", *Nationalities Papers*, 42(3), 2014.
21. István Horváth, Ilka Veress & Katalin Vitos, "Közigazgatási nyelvhasználat Hargita megyében az önkormányzati és a központi kormányzat megyeszintű intézményeiben", *Working Papers in Romanian Minority Studies*, 27, 2010, pp 7-9.
22. Rudi Janssens, Virginie Mamadouh & László Marácz, "Multilingual higher education in European Regions", *European and Regional Studies*, 3, 2013, pp 16-17.

In linguistiese terme sou dit inhou dat hulle L1-onderrig in Roemeens kry, terwyl dit nie hulle eerste taal is nie. Dit is voor die hand liggend dat die onderrig van Roemeens aan etniese Hongare op die vlak van 'n tweede of vreemde taal hanteer behoort te word, dit wil sê as L2. Let daarop dat die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur en die Onderwyswet opgestel is in terme van die personaliteitsbeginsel, aangesien die regte van minderhede in Roemenië vanuit 'n wetlike oogpunt 'n individuele aangeleentheid is. Uit die betoog hierbo kan afgelei word dat toepassing van die territorialiteitsbeginsel voorlopig nog nie 'n realistiese opsie is nie.

Ook die Onderwyswet gaan van die personaliteitsbeginsel uit. Onderwyswet 1/2011 spesifiseer in watter gevalle die Hongaarse taal as onderrigmedium in onderwysinstellings gebruik mag word. Die Onderwyswet is in party opsigte meer buigsaam as die Wet op Plaaslike Openbare Bestuur, omdat dit nie na 'n spesifieke administratiewe gebiedseenheid verwys nie, maar suiwer van die aantal leerlinge afhang, gekoppel aan 'n minimum aantal wat nodig is voordat 'n afsonderlike Hongaarse klas geskep kan word.

Die Roemeense Onderwyswet gaan van die beginsel uit dat die openbare onderwys in minderheidstale op alle vlakke van die onderwysstelsel vir alle leerlinge onderrig in hulle eie moedertaal moet waarborg. In die eerste fase van die primêre onderwys, dit wil sê graad 1 tot 4, asook die tweede fase, graad 5 tot 8, skryf die wet voor dat die grootte van 'n groep wat nodig is om 'n klas te vorm wat in 'n minderheidstaal onderrig word, uit 'n minimum van twaalf leerlinge moet bestaan. In enkele uitsonderlike gevalle, byvoorbeeld as daar gebrekkige vervoerfasiliteite bestaan, mag twee grade tot een enkele klas binne een en dieselfde skool saamgevoeg word, wat in totaal dan uit ten minste twaalf leerlinge moet bestaan. Deur hierdie bepalings kan onderwys in die minderheidstaal feitlik gewaarborg word deurdat 'n los raamwerk geskep is wat wye moontlikhede vir die organisering van onderwys in Hongaars bied.

As gevolg van dalende demografiese syfers wat sedert die val van die kommunisme in 1989 waargeneem word, neem die aantal Hongaarstalige

leerlinge in die primêre onderwys in Roemenië egter af. In die dekade sedert 2000 het die afname selfs 20% beloop, en dit wil voorkom asof hierdie neiging in die huidige dekade verder aan die toeneem is.[23] Aan die ander kant vorm hierdie afname in die aantal leerlinge nie 'n relatiewe afname in vergelyking met leerlinge wat Roemeens as moedertaal het nie. Inteendeel, tussen 2002 en 2011 was daar selfs 'n volgehoue toename in die persentasie kinders wat Hongaarstalige onderwys gekry het. Hierdie neiging kan verklaar word aan die hand van die feit dat 'n groeiende deel van die etniese Hongare in daardie gebiede in Transsilvanië woon waar etniese Hongare in die meerderheid is, soos byvoorbeeld in Szeklerland en Partium. In hierdie gebiede is aanduidings van demografiese reproduksie gunstiger. Die Hongaarstalige skoolstelsel is hier ook beter georganiseer as in die Transsilvaniese gebiede waar die Hongare werklik 'n minderheid vorm.[24] Probleme met die Hongaarstalige onderwys is steeds veel groter in die gebiede soos in Suid-Transsilvanië, waar die Hongare in 'n situasie van interne diaspora verkeer. Daar het die aantal Hongaarstalige kinders wat primêre onderwys ontvang, sedert 2010 met 'n derde afgeneem; van hulle het net meer as die helfte onderrig in hulle moedertaal geniet.

In 'n opvallende teenstelling met die primêre onderwys, is daar juis 'n groter aantal etnies-Hongaarse leerlinge in die sekondêre onderwys. Hierdie persentasie skoolkinders het in die dekade sedert 2000 selfs in absolute getalle toegeneem. Dit kan gedeeltelik verklaar word deur die feit dat daar deesdae baie meer leerlinge in Roemenië is wat na afloop van die primêre fase van onderwys met sekondêre onderwys voortgaan. Dit geld natuurlik ook vir die aantal etnies-Hongaarse leerlinge wat ná afsluiting van hulle laerskoolloopbaan na die sekondêre onderwys aanbeweeg. Ondanks hierdie positiewe syfers gaan dit in hierdie geval

23. Gergő Barna & Balázs Kapitány, *Közoktatási helyzetkép: A romániai magyar közoktatás 1990 és 2013 között* (Közpolitikai Elemző Központ, Kolozsvár, 2013).
24. János Márton, Levente Salat, Attila Z. Papp, Zsombor Csata & János Péntek, "Az erdélyi magyar felsőoktatás helyzete és kilátásai" *in* Mária Szikszai (ed), *Az erdélyi magyar felsőoktatás helyzete és kilátásai* (Ábel kiadó, Kolozsvár, 2011), pp 56-57.

slegs om ongeveer twee-derdes van die aantal etnies-Hongaarse leerlinge; die ander derde sit hulle hoërskoolloopbaan in Roemeens voort.

Wat die institusionele organisasie van die Hongaarse sekondêre onderwys wat toegang tot tersiêre opleiding verskaf, aanbetref, ontvang etnies-Hongaarse leerlinge oor die algemeen onderrig by skole wat uitsluitlik Hongaarstalige onderwys aanbied. Aan die ander kant verdwyn die Hongaarse klasse die een na die ander in gemengde skole in distrikte wat verstedelik is en waar kleiner dorpe skaars is.[25] Hierdie tipe institusionele konsentrasie van die Hongaarstalige onderwys lei daartoe dat gesinne wat dit nie kan bekostig om hulle kinders na Hongaarstalige skole (wat gewoonlik verder weg in buitewyke van stede geleë is) te vervoer nie, gedwing word om hulle kinders vir Roemeenstalige skoolopleiding in te skryf. Hierdie neiging is tiperend vir die meeste groter stede in Transsilvanië, soos Cluj-Napoca en Târgu Mureș.

Die afname in Hongaarstalige onderwys kan aan die hand van twee faktore verklaar word. In die eerste plek is daar 'n volgehoue afname in die aantal Hongaarstalige skoolkinders en in die tweede plek groei die persentasie van etnies-Hongaarse skoolkinders wat Roemeenstalige onderwys ontvang in streke waar daar minder etniese Hongare woon. 'n Ontleding uit 2004 toon aan dat in die munisipaliteite waar die persentasie van etniese Hongare laer is, die kanse toeneem dat etnies-Hongaarse kinders Roemeenstalige onderwys sal kies. Hierdie neiging word versterk as een van die ouers Roemeenstalig is; as die ouers self Roemeenstalige onderrig ontvang het; as hulle min etnies-Hongaarse vriende en kollegas by die werk het; en as hulle nie aan Hongaarstalige gemeenskapsaktiwiteite wat deur Hongaarse maatskaplike organisasies en instellings (soos byvoorbeeld die Hongaarse kerke) georganiseer word, deelneem nie.[26]

25. Die term "gemengde skole" beteken nie dat daar gemengde Roemeens-Hongaarse klasse voorkom nie. Afsonderlike onderwys in Roemenië word orals gerespekteer. Ook in gemengde Roemeens-Hongaarse skole is die Roemeense en Hongaarse klasse apart van mekaar en dien die Roemeense taal in Hongaarse klasse veral as studie-onderwerp.
26. Zsombor Csata, "A származás hatása a továbbtanulásban az erdélyi magyar fiataloknál", Új Ifjúsági Szemle, 4, 2004.

Vanuit 'n ekonomiese perspektief kan die skoolkeuse van lede van die Hongaarse minderheidsgemeenskap as kompleks beskou word. Ouers weeg oor die algemeen verskillende faktore teen mekaar op as hulle moet besluit oor die vraag of hulle hulle kinders in Hongaars- of Roemeenstalige skole moet inskryf.[27] Een van die oorwegings wat die swaarste weeg, is die kwaliteit van die onderwys. Internasionale onderwysevaluasies soos PISA (*Programme for International Student Assessment*) en TIMMS (*Trends in International Mathematics and Science Study*), asook interne prestasietoetse wys duidelik uit dat Hongaarstalige kinders veel beter in 'n etnies-Hongaarse onderwysomgewing vaar, as Hongaarstalige kinders wat vir Roemeenstalige onderwys ingeskryf het.[28] 'n Navorsingstudie toon dieselfde resultaat. Die prestasievlak van diegene wat in hulle moedertaal leer – die etniese-reproduksie scenario – is hoër as die prestasievlak van diegene wat in Roemeens onderrig word – die assimilasie scenario.[29]

Tersiêre onderrig met Hongaars as onderrigtaal val onder substansieel ander regulasies as dié in die primêre en sekondêre onderwys. Slegs enkele instellings met meer as een voertaal, wat hieronder verder bespreek sal word, ontvang finansiële steun van die regering. Onder hulle is die Babeş-Bolyai Universiteit in Cluj-Napoca, en die Universiteit vir Medisyne en Aptekerswese in Târgu Mureş. Vir 'n aantal belangrike dissiplines en vakgebiede, soos die opleiding van ingenieurs en veeartse, is daar geen regeringsteun vir Hongaarstalige opleidingsfasiliteite nie.

In die beginjare van hierdie eeu is die toelatingseksamens, wat as drempel vir deelname aan tersiêre onderwys gedien het, afgeskaf of ingrypend in omvang verminder. Dit het veroorsaak dat die aantal studente in tersiêre onderwys skerp toegeneem het. In 2008 het dit ongeveer 900 000 studente beloop, wat meer as 40% van die bevolking

27. Attila Z. Papp, "Az iskolaválasztás motivációi és kisebbségi perspektívái", *Kisebbségkutatás*, 3, 2012, pp 399-417.
28. Zsombor Csata, "Az erdélyi magyar tanulók iskolai teljesítményének meghatározói a TIMSS-vizsgálatok alapján", *Kisebbségkutatás*, 4, 2014, pp 126-157.
29. Attila Z. Papp, "Kisebbségi magyarok oktatási részvételének értelmezési lehetőségei", *Educatio*, 1, 2012, pp 3-23.

tussen die ouderdom van 20 en 42 verteenwoordig het. Hierdie stygende golf van nuwe studente in die tersiêre onderwys het ook vir Hongaarstalige studente gegeld. Die historiese hoogtepunt is in 2009 bereik, toe 12 000 etnies-Hongaarse studente hulle vir studie aan 'n tersiêre instelling in Roemenië ingeskryf het. Na 2009 het die aantal etniese Hongare in die tersiêre onderwys weer geleidelik begin afneem. Die vernaamste rede vir hierdie afname was demografies van aard. Tussen 2009 en 2013 het die aantal Hongaarstalige jong volwassenes drasties met ongeveer 'n derde van dié ouderdomsgroep afgeneem, naamlik van 18 000 na 12 000.

'n Verdere rede was dat daar vanaf 2011 strenger eise vir die vlak van die eindeksamen van hoërskole gestel is. Dit het tot gevolg gehad dat slegs die helfte van die Hongaarstalige hoërskoolleerlinge, dit wil sê 4 000 kandidate per jaar, die eindeksamen geslaag het. Ook in Roemenië geld die reël dat toegang tot tersiêre onderrig slegs moontlik is indien die skooleindeksamen met goeie gevolg afgelê is. Na raming kry ongeveer die helfte van die etnies-Hongaarse hoërskoolleerlinge wat tot 'n instelling vir tersiêre onderrig toegelaat word, die geleentheid om in Hongaars te studeer. Wat die oorblywende helfte betref: 40% van die toegelate groep maak 'n keuse vir onderrig in Roemeens en die oorblywende ongeveer 10% sit hulle studie in die buiteland voort – meestal in Hongarye.[30] Hierdie neigings verklaar ook hoekom daar deesdae 'n ooraanbod van Hongaarstalige onderwysgeleenthede in die tersiêre onderwys in Transsilvanië bestaan.

Artikel 135 van Onderwyswet 1/2011 bepaal spesifiek dat drie instellings vir tersiêre onderwys die reg het om onderwysprogramme in die moedertaal van studente aan te bied waar daar reeds onderwys-programme vir nasionale minderhede bestaan. Dit is dus die sogenaamde meertalige, multikulturele instellings.[31] Hierdie drie instellings is die

30. Attila Z. Papp & János Márton, "Végzős középiskolás diákok továbbtanulása és utánkövető rendszere" *in* Mária Szikszai (ed), *Az erdélyi magyar felsőoktatás helyzete és kilátásai* (Ábel kiadó, Kolozsvár, 2011), pp 149-215.
31. Rudi Janssens, Virginie Mamadouh & László Marácz, "Multilingual higher education in European Regions", *European and Regional Studies*, 3, 2013, p 17.

Babeş-Bolyai Universiteit in Cluj-Napoca (in Roemeens: *Universitatea Babeş-Bolyai*, in Hongaars: *Babeş-Bolyai Tudományegyetem*); die Universiteit vir Kunste in Târgu-Mureş (in Roemeens: *Universitatea de Arte din Târgu-Mureş*, in Hongaars: *Marosvásárhelyi Művészeti Egyetem*) en die Universiteit vir Medisyne en Aptekerswese in Târgu-Mureş (in Roemeens: *Universitatea de Medicină şi Farmacie Târgu Mureş*, in Hongaars: *Marosvásárhelyi Orvosi és Gyógyszerészeti Egyetem*). Al drie hierdie universiteite is in die landstreek Transsilvanië geleë en tradisioneel studeer etnies-Hongaarse studente ook daar.

Ingevolge artikel 135 van Onderwyswet 1/2011 is daar by hierdie instellings verskeie taaltrajekte beskikbaar. Naas Roemeens en Hongaars, word Engels ook as onderrigtaal gebruik, terwyl Duits verder by die Babeş-Bolyai Universiteit gebruik word. Duits word al eeue lank in Transsilvanië gepraat, hoewel die Duitstalige minderheid tans slegs uit sowat 50 000 mense bestaan. Hulle woon oorwegend in Suid-Transsilvaniese stede soos Braşov (in Duits: *Kronstadt*, in Hongaars: *Brassó*) en Sibiu (in Duits: *Hermannstadt*, in Hongaars: *Nagyszeben*). Babeş-Bolyai Universiteit het, met onderrig wat in Roemeens, Hongaars, Engels en Duits beskikbaar is, dus 'n viertalige profiel.

Hoewel die Onderwyswet by hierdie drie instellings die totstandkoming van verskillende onderrigtaalbane toelaat, het die implementering daarvan nie altyd ewe suksesvol by al drie hierdie meertalige, multikulturele universiteite verloop nie. Die herprofilering van die Universiteit vir Medisyne en Aptekerswese in Târgu-Mureş geskied tans byvoorbeeld nog moeisaam. Daar is min vooruitgang wat die onderhandelinge tussen Roemeense en Hongaarse belanghebbendes soos akademiese personeel, studente en die universiteitsbestuur aanbetref.

Die proses van herprofilering ten opsigte van nuwe onderrigtaalbane verloop vlotter aan die Babeş-Bolyai Universiteit. By laasgenoemde word prioriteit aan die skeiding van die Hongaarse en Roemeense onderrigprogramme verleen. Waar moontlik, is Roemeense en Hongaarse

programme onafhanklik van mekaar ontwikkel. Die Hongaarse afdeling van die Instituut vir Filosofie het byvoorbeeld van sy wetlike reg om van die Roemeense afdeling af te skei, gebruik gemaak. Hierdeur is daar tans twee aparte afdelings filosofie binne die universiteit, 'n Roemeens- en Hongaarstalige afdeling. Die akademiese personeel en studente het saamgestem dat taal, en dus ook die moedertaal, buitengewoon belangrik by sowel die studie as die doseer van 'n vakrigting soos filosofie is. Gevolglik was daar voldoende ondersteuning om die Instituut vir Filosofie in twee afsonderlike taalafdelings te verdeel. Hierdie tipe skeiding van institute in verskillende taalafdelings is nie oral binne die Babeş-Bolyai Universiteit gevolg nie. Die akademiese personeel van die Instituut vir Politieke Wetenskappe, wat uit sowel Roemene as etniese Hongare bestaan, het byvoorbeeld uiteindelik besluit om die Instituut nie te deel nie, maar om eerder die aantal kursusse wat in Hongaars aangebied word, te vergroot, sonder om 'n volledig afsonderlike administrasie hiervoor tot stand te bring. Vanweë die feit dat die Roemeense personeellede van die Instituut vir Politieke Wetenskappe nie Hongaars magtig is nie, het Engels binne die betrokke instituut al hoe meer die gemeenskaplike kommunikasiemedium geword.

Dit is nie net universiteitsinstitute wat die moontlikheid het om so 'n meertalige beleid te implementeer nie, maar ook ander navorsingsinstitute wat deur die Roemeense regering gesubsidieer word. 'n Voorbeeld hiervan is 'n instituut vir die studie van etnisiteit en minderhede: die Roemeense Instituut vir Navorsing oor Nasionale Minderhede (in Roemeens: *Institutul Pentru Studiera Problemelor Minorităţilor*, in Hongaars: *Nemzeti Kisebbségkutató Intézet*). Hierdie navorsingsinstituut volg 'n beleid van meertaligheid. Die webwerf en publikasies daarvan is drietalig, naamlik in Roemeens, Hongaars en Engels.[32]

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word oor die situasie van Hongaars in die onderwys in Roemenië, is dat daar oor die algemeen, wanneer enkele territoriale ongelykhede buite beskouing gelaat word,

32. Vir die webwerf, sien www.ispmn.gov.ro.

na die val van kommunisme in 1989 'n verbetering in die institusionele voorwaardes vir alle vlakke van onderwys in Hongaars in Transsilvanië ingetree het. Aan die einde van die eerste dekade van die een-en-twintigste eeu het deelname aan die onderwysprogramme vir etnies-Hongaarse kinders verviervoudig: in vergelyking met die 12% in 1990, het ongeveer die helfte van alle kinders wat in die afgelope jare met 'n Hongaarstalige onderrigprogram in Transsilvanië begin het, die Hongaarse onderwysstelsel suksesvol deurloop.[33]

Gevolgtrekkings

In hierdie bydrae het ek 'n aantal aspekte van die verhouding tussen mag en linguistiese diversiteit in die meertalige konteks van die streek Transsilvanië in Roemenië bespreek. Hierdie gebied is al eeue lank 'n multi-etniese streek waar verskeie tale naas mekaar gepraat word, en die situasie in die streek bied dus waardevolle insigte in die verhouding tussen mag en meertaligheid. Die geo-etniese verspreiding van die etnolinguistiese Hongaarse minderheid in Transsilvanië vertoon 'n gekompliseerde patroon waarin die etniese Hongare soms die meerderheid vorm, maar waar die gebruik van hulle taal beperk word deur die mag en hegemonie van die Roemeense staat en sy instellings, wat veral die gebruik van die nasionale taal, Roemeens, bevorder. Hierdie stand van sake lei dan tot die dilemma van uitsluiting en insluiting, wat op sy beurt weer aanleiding tot allerlei ongelykhede gee. Vanweë artikel 13 van die Roemeense grondwet is die Roemeense taal die enigste amptelike taal van die land. Die Hongaarse taal het slegs enige vorm van status op subnasionale en plaaslike vlak, en dit word deur die demografiese en identiteitsfaktore binne administratiewe gebiedseenhede bepaal. Die mag van die Roemeense staat oor die Roemeense grondgebied gee die staat die moontlikheid om die gebruik van die Hongaarse taal in

33. Attila Z. Papp, "Kisebbségi magyarok oktatási részvételének értelmezési lehetőségei", *Educatio*, 1, 2012, pp 3-23.

administratiewe gebiedseenhede in te perk. Die sprekers van Hongaars moet 'n minimum van 20% van die totale aantal inwoners van so 'n eenheid uitmaak. Die Hongaarse etnolinguistiese minderheid het min of geen moontlikhede om 'n teëwig vir hierdie Roemeense staatsbeleid te bied nie.

Die maatskaplike en politieke verteenwoordigers van die Hongaarse minderheid probeer om hulle op die personaliteitsbeginsel te beroep om sukses ten opsigte van die implementering van taalregte te behaal. Voorlopig is daar nie moontlikhede om die territorialiteitsbeginsel vir Szeklerland toe te pas nie, hoewel hierdie Hongaarstalige streek oor 'n duidelike Hongaarse meerderheid beskik. Internasionale ondersteuning ontbreek, asook 'n positiewe ontvangs van die beginsel van territoriale outonomie vir Szeklerland aan die kant van die Roemeense owerhede. Die personaliteitsbeginsel bly dan die enigste alternatief wat tot vooruitgang gelei het, soos in die geval van Onderwyswet 1/2011, waardeur Hongaars 'n onderrigtaal in drie multikulturele instellings vir tersiêre onderwys in Transsilvanië geword het. Dit is egter steeds nie genoeg om aan die onderwysbehoeftes van Hongaarstalige studente op tersiêre vlak in Roemenië te voldoen nie.